

Bis.

70/10

Saak No. 640/89

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

In die saak tussen:

LESLEE DURR

Eerste Appellant

BLACK STUDENTS' ORGANISATION OF

STELLENBOSCH

Tweede Appellant

NASIONALE UNIE VAN

SUID-AFRIKAANSE STUDENTE

Derde Appellant

en

DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

Eerste Respondent.

DIE RAAD VAN DIE UNIVERSITEIT

VAN STELLENBOSCH

Tweede Respondent

CORAM: HOEXTER, E M GROSSKOPF, SMALBERGER, EKSTEEN, ARR et

FRIEDMAN, WnAR

VERHOOR: 8 Mei 1990

GELEWER: 1 Junie 1990

---

U I T S P R A A KE M GROSSKOPF, AR

Die dramatis personae in hierdie saak is Mej. Durr, die eerste appellant, n student aan die Universiteit van Stellenbosch ("die Universiteit") en, gedurende 1989, die voorsitter van die derde appellant; die Black Students' Organisation of Stellenbosch ("BSOS"), die tweede appellant, n studentevereniging aan die Universiteit; die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente te Stellenbosch ("Nusas"), die derde appellant; die Universiteit, die eerste respondent; en die Raad van die Universiteit ("die Raad"), die tweede respondent. Die appèl gaan om die geldigheid van n reël uitgereik deur die Raad. In die Provinsiale Afdeling Kaap die Goeie Hoop het CONRADIE R bevind dat die reël geldig is. Met verlof van die verhoorregter kom die appellante nou in hoër beroep. Die omstandighede is soos volg.

Op 30 Augustus 1985 het daar n betoging van ongeveer 300 persone, hoofsaaklik studente, op Stellenbosch plaasgevind.

Plakkate is vertoon, sogenaamde vryheidsliedere is gesing en slagspreuke is geskree. Die optog het onder meer gelei tot verskeie konfrontasies met ander studente wat die optog wou blokkeer. Wie die skuld moet dra vir hierdie konfrontasies is tans nie ter sprake nie. Die Universiteit se Vise-Kanselierskomitee het, na aanleiding van hierdie gebeure, namens die Raad 'n verklaring uitgereik met onder meer die volgende inhoud:

"Die Raad van die Universiteit van Stellenbosch het met besorgdheid kennis geneem van 'n betoging wat op 30 Augustus 1985 op die kampus van die Universiteit en in die dorp gehou is. Die Raad is van oordeel dat in die huidige gespanne situasie in ons land handeling wat hoogs emosionele en moeilik hanteerbare reaksies kan ontlok, onverantwoordelik is, tot onnodige ontwrigting van die Universiteit se werksaamhede lei en nie pas by die akademiese omgewing van 'n universiteit nie. Die Raad verwelkom redelike gesprekvoering oor sake van openbare belang. Om hierdie rede vind die Raad dit geheel en al onaanvaarbaar dat die dringende versoek van die Rektor om die metode van dialoog eerder as die van provokerende betoging te volg, deur die betrokkenes verontagsaam is.

Die Raad het gevolglik besluit om enige demonstrasies van watter aard ook al tot verdere kennisgewing op die kampus te verbied. Enige student wat aan 'n sodanige demonstrasie sou deelneem ten spyte van hierdie verbod

stel hom/haar bloot aan onmiddellike opskorting van sy/haar inskrywing as student aan hierdie universiteit. Die bestuur van die Universiteit is versoek om hierdie besluite dringend onder personeellede en studente se aandag te bring."

Die Vise-Kanselierskomitee het bevoegdheid om dringende sake namens die Raad af te handel mits die aldus afgehandelde sake deur die Raad bekragtig word op sy eersvolgende vergadering. Inderdaad is die Vise-Kanselierskomitee se optrede op h Raadsvergadering gehou op 13 September 1985 bekragtig. Die verbod op demonstrasies, wat in die laaste paragraaf van hierdie passasie beliggaam word, is sedertdien van tyd tot tyd onder studente se aandag gebring.

Gedurende die afgelope paar jaar is die oopstelling van die Universiteit se koshuise op Stellenbosch h saak wat gemoedere gaande gemaak het onder studente. Die drie appellante het hulle daarvoor beywer dat alle studente op gelyke voet behandel moet word. Dit is nie vir my nodig om in te gaan op die stappe wat deur die appellante gedoen is ter bevordering van hul oogmerk, of op die standpunte gehuldig deur die Universiteit en sy

ampsdraers of organe nie. Sake het tot h punt gekom toe die  
 Rektor van die Universiteit op 26 April 1989 h brief aan Mej.  
 Durr gestuur het waarin onder meer die volgende voorkom:

"h Persoon op kampus het my meegedeel dat Nusas op h  
 onlangse vergadering h bespreking gevoer het oor die  
 moontlikheid van h betoging/demonstrasie - noem dit wat  
 u wil - op kampus. Vir die waarheid hiervan kan ek nie  
 instaan nie - u sal wel weet of dit so is of nie.

Hoe dit ook sy, ek vestig graag u aandag pertinent op  
 die feit dat die Raad van die Universiteit op h  
 vergadering op 13 September 1985 enige  
 demonstrasie/betoging op kampus verbied het. Ek haal  
 aan uit die besluit: 'Die Raad het gevolglik besluit  
 om enige demonstrasies van watter aard ook al tot  
 verdere kennisgewing op die kampus te verbied. Enige  
 student wat aan h sodanige demonstrasie sou deelneem  
 ten spyte van hierdie verbod stel hom/haar bloot aan  
 onmiddellike opskorting van sy/haar inskrywing as  
 student aan hierdie universiteit.'

In die lig hiervan doen ek h ernstige beroep op u om  
 te verseker dat Nusas hom hou by bovermelde besluit van  
 die Raad. Indien hiervan afgewyk word, sal ernstige  
 optrede volg.

.....

Vervolgens is ook aan my gemeld dat die aanleidende  
 oorsaak tot die beweerde voorgenome of beplande  
 betoging die oopstel vir alle rassegroepe van die  
 koshuise is. Indien u hieroor met my h gesprek wil

voer, is u hartlik welkom."

Die beoogde gesprek het plaasgevind, maar het blykbaar nie die resultate getoon waarop die Rektor gehoop het nie, want op 28 April 1989 skryf hy weer aan Mej. Durr soos volg:

"Met verwysing na ons gesprek in my kantoor op 26 April 1989 bevestig ek hiermee dat ek u daarop gewys het dat geen betoging/demonstrasie - ingevolge n besluit van die Raad van die US geneem op 13 September 1985 - op die kampus toegelaat word nie.

Voorts bevestig ek ook dat die redes vir dié besluit aan u meegedeel is.

Indien Nusas sou voortgaan om n betoging te organiseer wat op kampus plaasvind, wil ek u weer eens daarop wys dat dit verreikende gevolge gaan hê. U en u bestuur sal u daardeur aan ernstige tugstappe blootstel."

Op dieselfde dag, dws. 28 April 1989, het Mej. Durr aangesluit by n skare wat gevorm het by protesbedrywighede, die besonderhede waarvan tans nie ter sprake is nie. Na aanleiding hiervan het die Rektor n verdere brief, gedateer 2 Mei 1989, aan haar geskryf waarin hy meld dat hy nie teen haar sou optree nie, maar haar nogtans meedeel dat "as u ... u weer aan n soortgelyke oortreding van universiteitsreëls skuldig maak,

hierdie gebeurde - tesame met wat ook al verder mag voorkom - ernstig na gekyk sal word deur die Tugkomitee."

Op 18 Mei 1989 het lede van BSOS en van Nusas h optog oor die kampus van die Universiteit gehou en na die amfiteater beweeg, waar h vergadering gehou is. Mej. Durr was aktief daarby betrokke. Daarna het die skare na die administrasiegebou gegaan. Daar was teenstand van andersdenkendes en dit het by die administrasiegebou uitgeloop op h skermutseling. h Versoek is tot die Rektor gerig dat hy die skare toespreek, maar hy het geweier, en het slegs h paar afgevaardigdes (insluitende Mej. Durr) in sy kantoor gesprek. Hierna is die skare uiteen.

Op 29 Mei 1989 is Mej. Durr ontbied om die Rektor op 1 Junie 1989 te spreek ten einde, soos dit later geblyk het, voor die tugkomitee te verskyn. Die voorsitter van BSOS en h ander student is ook gedaag. Volgens die Rektor is Mej. Durr "reg aan die begin verduidelik dat dit h tugkomitee is wat dissiplinêre stappe neem na aanleiding van haar deelname aan die oortreding van die betrokke verbod (op demonstrasies) op 18 Mei 1989." Oor

wat presies by die sitting van die tugkomitee gebeur het, hoef ek nie uit te wei nie - dit is tot h mate in geskil. Die resultaat was dat die tugkomitee onder meer bevind het:

"dat h groep studente, daartoe aangespoor veral deur die besluit van twee studenteverenigings en h huiskomitee (gesteun deur die betrokke inwoners), willens en wetens die Universiteitsraad se verbod op sg. betogings en optogte op die Kampus verontagsaam het, selfs na herhaalde skriftelike waarskuwings om dit nie te doen nie."

Om ongeveer 11h30 is Mej. Durr deur die tugkomitee in kennis gestel dat haar inskrywing as student vanaf 1 Julie opgehef is. Hierdie mededeling is per brief deur die Registrateur van die Universiteit bevestig soos volg:

"Hiermee moet ek, n.a.v. u verskyning voor die Tugkomitee van die Universiteitsraad op 1 deser, die mededeling van die Voorsitter van die Tugkomitee aan u bevestig, nl. dat, in die lig van u aandeel in die protesoptogte en demonstrasies wat op 18 Mei 1989 op die Kampus gehou is, regstreeks in stryd met h uitdruklike verbod deur die Universiteitsraad en na herhaalde skriftelike waarskuwings van die Rektor dat u daarvan moet afsien, u registrasie as student met ingang 1 Julie 1989 vir 1989 opgehef word. U kan teen die einde van 1989 weer aansoek doen om toelating in 1990."

Soortgelyke briewe is aan Nusas en BSOS geskryf om hulle in te lig dat hul regte op die kampus opgehef is vir minstens vier maande.

Die appellante was nie hiermee gediend nie en het op 9 Junie 1989 deur hul prokureurs 'n brief aan die Rektor geskryf waarin hulle betoog het dat die verrigtinge van die tugkomitee onreëlmstig en nietig was. Ek hoef nie in te gaan op die gronde vir hierdie betoog, wat uitvoerig in die brief uiteengesit word, nie, want op 16 Junie 1989 het die Universiteit soos volg deur hul prokureurs geantwoord:

"Ons moet dit eerstens duidelik stel dat ons kliënt nie die korrektheid van u kliënte se weergawe van die tugstappe wat op 1 Junie 1989 teen hulle geneem is, aanvaar nie. Vir doeleindes van hierdie skrywe vind ons dit egter onnodig om met die besonderhede van u kliënte se weergawe te handel.

Dit is egter uit die aard van die saak vir ons kliënt van groot belang dat die regverdigheid en billikheid van enige tugstappe wat teen studente geneem word bo enige verdenking moet staan.

Ons kliënt het gevolglik besluit om die beslissings van die tugkomitee van die Raad van die Universiteit rakende u kliënte te herroep met die doel om die

geleentheid te skep vir herverhoor na aanleiding van die betrokke gebeure.

Ons kliënt is deeglik bewus van die nodigheid om die saak so spoedig moontlik af te handel en is dus van voorneme om die beoogde herverhoor so spoedig as wat prakties moontlik is, te hou.

Die herverhoor sal geskied deur persone wat nie betrokke was by die vorige verhoor nie. U kliënte sal ook die geleentheid gebied word om regsverteenvoording te hê.

Ons vind dit laastens nodig om te beklemtoon dat ons kliënt se optrede in hierdie saak nie bepaal sal word deur enige 'ultimatums' wat u kliënte reeds gestel het of in die toekoms mag stel nie. Wat vir ons kliënt van oorheersende belang in hierdie hele aangeleentheid bly, is dat sy optrede in alle opsigte regverdig moet wees en ook as regverdig gesien en ervaar moet word. Terselfdertyd moet beklemtoon word dat ons kliënt die reël teen demonstrasies op die kampus as geldig beskou en steeds sal voortgaan om hierdie reël toe te pas."

Hierop het die appellante se prokureurs geantwoord in h'n brief van 14 Junie 1989, waarin hulle onder meer gevra het dat die appellante se herverhoor voor die tugkomitee uitgestel word ten einde hulle in staat te stel om die geldigheid van die verbod op demonstrasies in die hof te toets. Die Universiteit was nie hiervoor te vinde nie.

Op 22 Junie 1989 het die appellante 'n aansoek van stapel gestuur waarin hulle gevra het om 'n bevel

"Dat die beweerde Reël wat die Vise-Kanselier se Komitee van Eerste Respondent voorgegee het om op te stel en wat Tweede Respondent op 13 September 1985 voorgegee het om te bekragtig en wat 'n verbod op demonstrasies op kampus' heet te wees, ultra vires, ongeldig, sonder regsrag of onafdwingbaar verklaar word."

Die respondente het hierdie aansoek bestry, en, soos hierbo aangedui, is dit met koste van die hand gewys. Hieruit spruit die onderhawige appèl.

Dit bring my dan by die geskilpunte in hierdie saak. Die eerste en belangrikste is of die Raad die regsbevoegdheid gehad het om die verbod op demonstrasies op te lê.

Die samestelling, regte en bevoegdhede van die Raad word uiteengesit in artikel 8 van die Wet op die Universiteit van Stellenbosch, no. 37 van 1959 ("die Stellenbosch-wet"). Kragtens artikel 8(1) "berus die bestuur en uitvoerende mag van die Universiteit by die raad" (behoudens ander bepalings van die wet). Artikel 8(7) lui soos volg:

"Die raad beheer al die eiendom van die Universiteit, en behalwe soos deur hierdie Wet in die besonder bepaal word, doen hy al die aanstellings wat hy vir die doelmatige bestuur van die Universiteit nodig ag, en oefen hy algemene beheer uit oor die Universiteit en al die sake en werksaamhede daarvan."

Artikel 17(1) van die Stellenbosch-wet bevat egter 'n besondere bepaling wat as 'n uitsondering op die Raad se algemene bevoegdhede geld, nl.

"'n Student van die Universiteit is onderworpe aan die tugbepalings wat die statute voorskryf."

Die gesaghebbende Engelse teks lui:

"A student of the University shall be subject to such disciplinary provisions as the statutes may prescribe."

"Statute" word omskryf in artikel 1 van die Stellenbosch-wet, en behels statute wat ingevolge artikel 17 van die Wet op Universiteite, no. 61 van 1955 ("die Universiteite-wet"), of een van sy voorgangers, opgestel en van krag is, en regulasies kragtens die statute uitgevaardig.

Die uitwerking van artikel 17(1) van die Stellenbosch-wet is (en dit was gemene saak tussen die partye) dat

"tugbepalings" nie deur die Raad kragtens sy algemene bevoegdhede ingevolge artikel 8 uitgereik kan word nie, maar dat hulle in die statute beliggaam moet word. Die Universiteit se statute bevat slegs een omvattende tugmaatreël, wat in artikels 66 en 67 van die statute voorkom. Vir huidige doeleindes hoef ek slegs na artikel 66 te verwys. Dit lui soos volg:

"Die Raad kan n student wat hom binne of buite die gebou of op of buite die terrein van die Universiteit gedra op n wyse wat die goeie naam van die Universiteit, of die handhawing van orde en dissipline aan die Universiteit, of die behoorlike voortsetting van die werk van die Universiteit, benadeel of kan benadeel, die regte en voorregte wat hy as student van die Universiteit geniet, ontnem of hom tydelik of permanent verdere toelating as student van die Universiteit ontsê, of sy verdere toelating afhanklik maak van die betaling van n geldboete van hoogstens R1 000; met dien verstande dat geen sodanige tugmaatreël teen n student in werking gestel word aleer hy die geleentheid gehad het om redes aan te voer waarom sodanige tugmaatreël nie teen hom in werking gestel behoort te word nie."

Dit is duidelik dat hierdie bepaling wyd genoeg is om ook op demonstrasies deur studente betrekking te hê, mits sodanige demonstrasies geskied op n wyse wat die goeie naam van

die Universiteit, of die handhawing van orde en dissipline aan die Universiteit, of die behoorlike voortsetting van die werk van die Universiteit, benadeel of kan benadeel. Die verbod op demonstrasies gaan egter veel verder - dit gee voor om alle demonstrasies op die kampus te verbied, ongeag hul aard, omvang, oogmerke of uitwerking. Die verbod is egter nie uitgereik ooreenkomstig die prosedure neergelê vir die opstel van statute nie. Hierdie prosedure word uiteengesit in artikel 17 van die Universiteite-wet. Ingevolge hierdie bepaling is die Raad van h Universiteit se bevoegdhede streng beperk. So mag statute en regulasies wat betrekking het op die studies, onderrig, eksamens en tug van h universiteit nie opgestel, gewysig, aangevul of herroep word sonder oorleg met die Senaat van die universiteit nie (artikel 17(1)(b)(ii)). Dan moet h statuut vir goedkeuring aan die Minister van Nasionale Opvoeding voorgelê word, in die Staatskoerant afgekondig word (artikel 17(2)), en in die Parlement ter tafel gelê word (artikel 17(3)), waar dit deur h besluit van "beide Huise van die Parlement" afgekeur kan word

(artikel 17(4)). n Regulasie, daarenteen, moet net deur die Minister goedgekeur en in die Staatskoerant afgekondig word (artikel 17(5)).

Aangesien die verbod op demonstrasies nie voldoen het aan een van die bogemelde vereistes nie, was dit gemene saak in argument voor ons dat as die verbod n "tugbepaling" (Engels, "disciplinary provision") binne die betekenis van artikel 17 van die Stellenbosch-wet is, dit ongeldig sou wees weens nie-nakoming van die bepaling van artikel 17 van die Universiteite-wet. Die vraag is dan: wat is n tugbepaling?

"Tug" word omskryf in die Verklarende Handboek van die Afrikaanse Taal deur Odendaal en andere as

"1. toestand van onderworpe te wees aan gesag; dissipline.

2. Al die voorskrifte waardeur die toestand van gehoorsaamheid aan die gesag gehandhaaf word."

"Tugordonnansie" word omskryf as "Ordonnansie wat voorskrifte en bepalinge i.v.m. tug bevat, bv. van toepassing op die staatsdiens."

In Van Schaik se Verklarende Afrikaanse Woordeboek, deur Kritzinger en Labuschagne, (7 de uitg.) word tug omskryf as

"teregwysing, sedelike leiding, toesig; straf pyniging, kastyding; dissipline."

"Tugmaatreël" word omskryf as

"maatreël om die tug te handhaaf, die gedragsorde te bewaar, oortredings te voorkom; maatreël om te tugtig."

Volgens dieselfde woordeboek is n "tugmiddel" n "middel om die tug te handhaaf", en "tugkomitee" n "komitee wat die dissipline handhaaf."

Terblanche en Odendaal se Afrikaanse Woordeboek omskryf "tug" as

"die hou aan of die opvolg van bepaalde, opgelegde reëls of voorskrifte van gedrag; gebondenheid, dissipline; al die voorskrifte of maatreëls waardeur die gewenste gebondenheid van gedrag by sekere persone verkry of gehandhaaf word; teregwysing, sedelike leiding, toesig, straf, pyniging, kastyding."

"Tugmaatreël" is n "maatreël i.v.m. die tug" en "tugmiddel" is

n "middel om die tug te handhaaf". "Tugregulasie" is n

"regulasie wat die voorwaardes van tug, straf en skorsing vaslê"

en n "tugkomitee" is n "komitee belas met die uitvoering van die

tug".

Uit bogemelde omskrywings is dit myns insiens duidelik dat "tug" in die huidige samehang twee oorvleuelende betekenis het. Dit behels eerstens 'n stelsel van gedragsreëls wat nagekom of toegepas word, en wat, indien nodig, afgedwing kan word.

Tweedens is dit die strafmaatreëls waardeur, in die woorde van Terblanche en Odendaal, "die gewenste gebondenheid van gedrag by sekere persone verkry of gehandhaaf word". Hierdie betekenis word uiteraard oorgedra na die samestellings van "tug", waarvan "tugbepalings" een is.

Die betekenis van "discipline" in Engels is myns insiens wesentlik dieselfde in hierdie samehang. In die Oxford English Dictionary (2 de uitg.) word dit as volg omskryf:

"5 a) The order maintained and observed among pupils, or other persons under control or command, such as soldiers, sailors, the inmates of a religious house, a prison, etc.

b) A system or method for the maintenance of order; a system of rules for conduct.

.....  
7 a) Correction; chastisement; punishment inflicted by way of correction and training."

Ook hier is daar die begrip van gedragsreëls wat deur die owerhede afgedwing word, desnoods deur strafmaatreëls (in die huidige samehang is self-dissipline natuurlik nie ter sprake nie). Die resultaat wat beoog word deur die toepassing van die gedragsreëls is dat die persone wat daaraan gebonde is, die neergelegde orde sal handhaaf, m.a.w., dat daar "discipline" sal wees in die eerste betekenis in die aanhaling hierbo uit die Oxford English Dictionary t.w., "the order maintained ... among ... persons". Dit is in laasgenoemde sin, meen ek, dat Adam Smith die woord "discipline" gebruik het in sy klassieke werk *The Wealth of Nations* (Todd se uitgawe, V. i. f. 15) toe hy geskryf het:

"The discipline of colleges and universities is in general contrived, not for the benefit of the students, but for the interest, or, more properly speaking, for the ease of the masters."

Ek haal hierdie passasie natuurlik bloot aan om die gebruik van die woord "discipline" te illustreer.

Dus, om saam te vat, "tug" in die huidige samehang

omvat voorgeskrewe gedragsreëls wat deur die owerheid afgedwing kan word, en die strafbepalings wat vir hierdie doel aangewend kan word. 'n Tugbepaling sou dus 'n bepaling wees waardeur 'n reël met betrekking tot tug neergelê word. Is die verbod op demonstrasies so 'n bepaling? Daar kan myns insiens min twyfel hieroor wees. Die verbod op demonstrasies het 'n nuwe gedragsreël bepaal wat deur alle studente nagekom moet word op straf van onmiddellike opskorting van die oortreder se inskrywing as student aan die Universiteit. Al die elemente van tug, in die bogemelde sin, word hierin vervat. Vir die doeleindes van hierdie gevolgtrekking is dit nie nodig om te oorweeg of die straf wat in die bepaling genoem word, die enigste straf vir 'n oortreding is, of bloot die maksimum-straf nie. In albei gevalle sou die bepaling myns insiens 'n tugbepaling wees.

Dit is duidelik dat die Universiteitsowerhede ook die saak so ingesien het. Ek het die korrespondensie redelik volledig hierbo uiteengesit. Daaruit blyk dit dat die Rektor op 28 April 1989 gewaarsku het dat oortredings van die verbod op demonstrasies die oortreders aan "ernstige tugstappe" sou

blootstel. Op 2 Mei 1989 het hy geskryf dat Mej. Durr se beweerde oortreding van die verbod, indien sy haar weer aan n soortgelyke oortreding skuldig maak, "ernstig na gekyk sal word deur die Tugkomitee". Inderdaad het Mej. Durr en die ander persone na wie ek hierbo verwys het, later voor n tugkomitee verskyn weens n oortreding van die verbod op demonstrasies, en strawwe is opgelê. Dit wil dus voorkom dat, ook van Universiteitsweë, die verbod op demonstrasies as n tugbepaling beskou en behandel is.

Die hof a quo se bevinding tot die teendeel, meen ek, berus op n wanopvatting oor wat bedoel word deur "tug" of "discipline" in hierdie samehang. Die geleerde regter het van die juiste standpunt uitgegaan dat die verbod op demonstrasies ongeldig sou wees as dit n tugbepaling is. By die oorweging van wat n tugbepaling is, het hy egter stilgestaan by die strafsanksie. So sê hy: "as die tweede gedeelte van die besluit voorgee om n strafsanksie te wees", sou dit ongeldig wees. Hy spreek dan sy twyfel uit of dit inderdaad bedoel is as n

strafsanksie, en sê

"Die uitdrukking 'stel hom/haar bloot aan' druk myns insiens nie 'n gebiedende voorskrif uit nie. Dit lyk eerder na 'n vermaning aan studente met betrekking tot die erns waarmee verontagsaming van die verbod bejeën word."

Ek kan met respek nie met hierdie benadering saamstem nie. Myns insiens maak dit nie saak of die voorgestelde straf gebiedend is, en of dit bloot die maksimum-straf is, wat dan ook moet beklemtoon hoe ernstig die saak opgeneem word nie. Die wesentlike aspekte van die bepaling bly dieselfde: 'n voorgeskrewe gedragsreël gerugsteun deur 'n strafbepaling.

Die geleerde regter gaan dan voort soos volg:

"Indien ek egter fouteer wat hierdie indruk betref en die toevoeging bedoel was om 'n strafvoorskrif te wees, is dit ongeldig. Die vraag is dan of wat voorgee om 'n strafbepaling te wees van die verbodsbepaling geskei kan word, met ander woorde of die besluit deelbaar is.

Ek ondervind geen probleem met die deelbaarheid van die besluit nie. As die strafsanksie weggedink word, is wat oorbly 'n selfstandige en bruikbare reël wat, net soos ander reëls van die 1ste respondent geen bepaalde strafsanksie het nie en in hierdie opsig dus nie van hulle te onderskei is nie."

Dit is natuurlik so dat as die strafsanksie weggedink word, die oorblywende deel van die verbod nog n nuttige doel kan dien as n vermaning aan studente of iets dergeliks. In wese sal die aard van die bepaling dan egter heeltemal anders wees as vantevore. As die verbod op demonstrasies bloot n aanwysing aan studente was van wat van hulle verwag word, sou geen tugstappe teen n student gedoen kon word tensy die student artikel 66 van die statute oortree nie, d.w.s. tensy die student die verbod op demonstrasies oortree op n wyse wat die goeie naam van die Universiteit, of die handhawing van orde en dissipline aan die Universiteit, of die behoorlike voortsetting van die werk van die Universiteit, benadeel of kan benadeel nie. Die wese van die verbod op demonstrasies is egter dat dit n onafhanklike gedragsreël is wat afgedwing kan word sonder inagneming van die vereistes gestel deur artikel 66, en dit is op daardie wyse dat die Universiteit dit vertolk en toegepas het. Dit is die geldigheid van die verbod op demonstrasies in hierdie sin, d.w.s. as n onafhanklike bepaling afdwingbaar sonder verwysing na

artikel 66, wat in geskil is in hierdie geding. Dit is, met respek, geen antwoord op die appellante se saak om te sê dat die verbod op demonstrasies geldig is insoverre dit die doel dien om gedrag wat die Raad as onwenslik beskou, te presiseer nie (om h uitdrukking te gebruik wat in h latere passasie van die uitspraak voorkom). Indien die verbod op demonstrasies niks meer as dit behels nie, behoort die aansoek myns insiens te geslaag het.

Ten slotte is daar h verdere argument wat ek moet behandel. Namens die respondente is daar betoog (as ek dit reg het) dat, selfs al sou die verbod op demonstrasies ongeldig wees ingevolge artikel 17 van die Stellenbosch-wet, die appellante nogtans kontraktueel gebonde is om dit te gehoorsaam, en geskors kan word as hul weier. Vir hierdie betoog is gesteun veral op Schoeman v Fourie 1941 AD 125. In daardie saak het die appellant, h student aan die Universiteitskollege van die Oranje Vrystaat ("die Kollege"), die waarnemende Rektor gedagvaar om skadevergoeding en genoegdoening vanweë die student se skorsing,

wat na bewering wederregtelik en animo injuriandi geskied het.

Op appèl het die student (as appellant) sy saak hoofsaaklik berus op die betoog dat die Rektor nie die bevoegdheid gehad het om hom te skors nie. Die respondent het onder meer beweer dat hy in 'n noodtoestand opgetree het. Na 'n deurtastende oorweging van die betrokke regsbepalings en ook die kontraktuele verhouding tussen die student en die Kollege, kom die hof tot die volgende slotsom (op bl. 138):

"Ek kom derhalwe tot die gevolgtrekking dat in 'n noodtoestand die verweerder die bevoegdheid had om alle redelike stappe te neem ter beskerming van die belange van die Kollege en, indien redelikerwyse nodig vir hierdie doel, die bevoegdheid om 'n student te skors hangende die oorweging van die saak deur die Raad."

Daar word nie beweer dat 'n noodtoestand enigsins 'n rol in die huidige saak speel nie, en Schoeman v Fourie skyn dus toepaslik te wees bloot vir die algemene stelling dat die partye kontraktuele regte en verpligtinge kan hê ter aanvulling van die regte en verpligtinge wat statutêr opgelê word. Dit blyk dan ook dat elke voornemende student aan die Universiteit 'n aansoekvorm

teken waarin hy onder meer verklaar dat hy hom "onvoorwaardelik aan die reëls en regulasies van die Universiteit onderwerp". Dit voer egter, myns insiens, die saak niks verder nie. Soos die regter a quo aangedui het (myns insiens tereg), wanneer h student hom verbind om die reëls van die Universiteit te gehoorsaam verbind hy hom tot gehoorsaamheid aan regsgeldige reëls. Vir huidige doeleindes maak dit dus nie saak of die oorsprong van die partye se regte en verpligtinge kontraktueel of statutêr is nie.

Om op te som : myns insiens is die verbod op demonstrasies in sy wese h tugbepaling (binne die betekenis van artikel 17 van die Stellenbosch-wet) en gevolglik nietig weens nie-nakoming van artikel 17 van die Universiteite-wet. Voorts meen ek dat dit nie sonder vernietiging van sy wesentlike aard aangepas kan word deur weglating van sy strafsanksie nie. Weens hierdie gevolgtrekking is dit nie nodig om in te gaan op die verdere gronde waarop die appellante betoog het dat die verbod ongeldig is nie. Die appèl moet dus slaag.

Die hof se bevel is:

1. Die appèl slaag met koste, insluitende die koste van twee advokate.
2. Die hof a quo se bevel word vervang met die volgende:  
"n Bevel ooreenkomstig bedes 2 en 4 van die Kennisgewing van Mosie word toegestaan."

---

E M GROSSKOPF, AR

HOEXTER, AR  
SMALBERGER, AR  
EKSTEEN, AR      Stem saam  
FRIEDMAN, Wn AR    ...